# 13 September 2023 - Lesing 125 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Bewustelike of mediamieke/spiritistiese ontvangste **–** 1/2/60

**NO: 7512** Daar word vir julle kennis gegee deur die gees, julle word van af binne onderrig en sal dan hierdie kennis kan deurgee, maar julle sal steeds kan aantoon dat die oorsprong in julleself lê, julle sal met sekerheid dit kan bestry wat van buite af ontvang is en **derhalwe vir 'n geestelike lering kan opkom as van ontvang van My Self**. En dit is dan ook die waarborg dat die geestelike lering waarheid is, want soos die gees in julle julle onderrig, moet julle die waarheid ontvang, **omdat die gees in julle 'n deeltjie is van My**, omdat hy julle slegs dit kan verkondig wat ooreenstem met die waarheid, omdat hy Gees van My Gees is en Ek die ewige Waarheid Self is.

Dus sal julle met sekerheid julle kennis as waarheid kan verdedig, want julle het die geestelike lering nie van buite af in ontvangs geneem nie, julle het haar nie deur studie verwerf nie, **maar julle besit 'n omvangryke kennis wat uit julleself gekom het**, wat in waarheid "van Bo" aan julle gestuur was, omdat die gees in julle met "Bo" met My in verbinding staan en hierdie verbintenis ewiglik nie sal opgee nie.

En tog is daar nog ondersoek nodig of die kennis wat julle besit, nie aan julle in 'n toestand van spiritistiese ontvangs oorgebring was nie, maar of dat julle dit in 'n toestand van **volledige bewustheid** ontvang het. Julle sal steeds 'n ernstige ondersoek moet instel, wanneer julle julle geestelike eiendom as waarheid wil uitdra, want die moontlikheid bestaan ook **dat julle julleself in 'n toestand van nie-bewussyn aan geestelike kragte oorgegee het,** wat eweneens geestelike leringe op julle probeer oordra, indien julle afsien van julle wil en hierdie kragte julle wil kan gebruik. Dan lê dit meer voor die hand dat ook onwetende kragte hul "kennis" aan julle sal wil oordra, **omdat hulle dan nie teengehou word deur 'n duidelike wil en die verlange na waarheid nie, wat julle beskerm teen dwaling.**

En dit moet julle nougeset ondersoek. Want die gees in julle uiter homself in 'n toestand van **volledige wakkerwees**, hy spreek julle siel aan en gee haar te kenne wat Ek Self vir die mens op aarde wil oorbring, **omdat die gees in julle 'n deeltjie is van die Vadergees van ewigheid**.

Maar spiritistiese ontvangste is en bly 'n gevaar vir die mens, want hy is nie beskerm teen vyandige invloed nie, **omdat die siel haarself nie bewustelik opstel om weerstand te bied** wanneer vyandige kragte haar nader nie. En hulle sal dit steeds doen onder die dekmantel van die waarheid, om aangehoor te word.

Maar julle mense sal moeilik dwaling van waarheid kan onderskei, **omdat dit goed gekamoefleer is**, dog sodra die **geringste afwyking te bespeur is** van die geestelike leringe wat julle mense deur die werksaamheid van My Gees toegekom het, **moet julle oplettend wees dat julle nie ten prooi val aan die dwaling nie**, want in daardie geval **is die werksaamheid van die vyandige kragte al vas te stel**, juis deur die teenstrydigheid met My suiwere geestelike leer.

**Maar julle word steeds weer gewaarsku om julle nie in 'n spiritistiese toestand te verplaas of te laat bring nie,** want dit is 'n gevaar vir julle waaraan julle julleself uitlewer. Want vir julle sal dit moeilik wees om die waarheid van die dwaling te skei, **omdat die dwaling baie kundig versteek is** en die onsuiwere geestelike kragte **hulle eweneens van My uitsprake bedien**, wat hulle ken en aanwend vir hulle doeleindes.

Die werksaamheid van die Gees waarborg suiwer waarheid, **spiritistiese ontvangste is egter geen geestesaktiwiteite in 'n goeie sin nie**, ofskoon geestelike wesens ook probeer om hulle te laat geld en omdat hulle ook slaag wanneer die mens afsien van sy wil, wanneer hy in 'n **toestand van onbewustheid** homself deur hulle laat gebruik as werktuig. **En hierdie ondersoek sal julle moet uitvoer wanneer julle geestelike leringe aangebied word wat nie op alle punte ooreenstem met die Woord wat deur My aan julle toegestuur was nie.** Dit hoef nie so te wees dat die wil van die ontvangers nie op My gerig is nie, maar hulle kan ook nie so met My verbonde wees dat hulle hulleself nie volledig aan My oorgegee het nie, sodat ek hulle kon beskerm teen die kragte nie.

**Hulle het dikwels 'n groot selfgeldingsdrang en wil op die voorgrond tree** en dit toon 'n graad van arrogansie wat die teenstander heel goed weet om te benut. **En omdat hulle self oortuig is van hul taak om as werktuig te dien,** ondersoek hulle hulself ook nie ernstig nie en leen hulle dus daartoe om onware geestelike leringe te versprei, wanneer hulle nie ernstig die heil van hul siele nastreef nie en dan ook nie innerlik 'n weerstand voel om hulleself nie vêrder op spiritistiese vlak besig te hou nie.

**Die werksaamheid van die gees moet met volledige bewussyn plaasvind**, dan word aan die mens innerlike leerstof oorgebring waarin My Gees werksaam kan wees, want hy (d.i. die mens) staan in direkte verbinding met My en **hy hoor My Woord, hy hoor Myself** omdat sy Geesvonk die band tot stand gebring het met die Vadergees van ewigheid, met My, wat My nou teenoor hom uiter, soos wat dit vir hom en die mensdom tot seën sal wees.

En hy sal steeds die suiwere waarheid ontvang en weergee, hy sal nooit bang hoef te wees om dwaling ten prooi te val nie, **solank hy self die waarheid begeer.** Amein.